



KEURING VIR BACCALAUREUS GESONDHEIDSWETENSKAPPE IN BEROEPSHIGIËNE (BGW in BH)

1. INLEIDING

Om toegelaat te word tot die Baccalaureus Gesondheidswetenskappe in Beroepshigiëne (BGW in BH) -studie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe moet die voornemende student voldoen aan die toelatingsvereistes soos gestel in die fakulteitsjaarboek. Daarna word hulle onderwerp aan 'n keuringsproses.

Keuring geskied aan die hand van 'n wetenskaplik-ontwikkelde keuringsmodel, gegrond op:

- i) 'n akademiese komponent (matriekgemiddeld). Studente **moet 'n gewaarmerkte of deur die skoolhoof ondertekende staat van al hulle beskikbare punte of simbole saambring en by die Toelatingskantoor indien. Die Junie-eksamenpunte moet ook aangestuur word sodra dit bekend is.**
- ii) voornemende studente moet saam met hul aansoekdokumente 'n Brief van Voorneme inhandig (sien punt 2.8 vir meer besonderhede).
- iii) psigometriese komponente (aanleg, belangstelling, persoonlikheidstrekke asook studiegewoontes en studie ingesteldheid). Die aflegging van die psigometriese toetse duur ongeveer ses ure.

Met die implementering van 'n keuringstelsel moet die volgende beklemtoon word:

- a) Die doel met die keuring van voornemende Beroepshigiënestudente is om doeltreffendheid, en by implikasie die opleidingstandaard, te verhoog en om die studente te selekteer wat die beste kans het om die kursus te slaag.
- b) Keuring vervang nie, maar is inderdaad bykomend tot, die minimum toelatingsvereistes vir die BGW in BH-studie, soos dit in die Fakulteitsjaarboek gepubliseer is.
- c) Veral in die huidige ekonomiese klimaat is dit vir 'n voornemende student voordelig om vroeg reeds met 'n hoë mate van sekerheid te weet of hy/sy 'n bepaalde kursus [in hierdie geval BGW in BH] suksesvol sal kan voltooi. Voornemende studente wat na keuring nie tot die Beroepshigiëne-kwalifikasie toegelaat word nie, sal nie van die Universiteit weggewys word nie; trouens die Universiteit stel sy volledige voorligtingsdiens beskikbaar met die oog op hulpverlening by die beplanning van 'n alternatiewe loopbaan.

2. KEURINGSPROSEDURE

2.1 VOORLOPIGE KEURING

Alle voornemende studente moet 'n psigometriese keuringstoets aflê en 'n Brief van Voorneme inhandig (sien uitsondering onder punt 2.2). Studente word op grond van hulle Juniemaand eksamenpunte (Graad 12) en keuringstoetsresultate **voorlopig gekeur**. Die uitslae van die voorlopige keuring sal teen die einde van Augustus 2017 bekend gemaak word.

*Indien die Juniemaand eksamenpunte op die toetsdag nog nie beskikbaar is nie, moet dit onmiddellik aan Me Corlé Conradie gefaks word by (018)-299 1053 sodra dit beskikbaar is. Daarsonder kan geen voorlopige keuringsuitslag verstrekkend word nie. **LET WEL:** Die uitslae van die keuringstoetse word nie aan kandidate bekend gemaak nie!*

2.2 VRYSTELLING VAN KEURINGSTOETSE

Studente wat tydens die einde van graad 11 aan die volgende vereistes voldoen, word vrygestel van keuringstoetse, en word op grond van hul **graad 11 eindjaarpunte** voorwaardelik gekeur vir Beroepshigiëne – dit beteken dat hul slegs aan die einde van matriek aan die toelatingsvereistes (soos in punt 2.4 uiteengesit) moet voldoen om finaal gekeur te word.

Kriteria vir vrystelling van keuringstoetse (gebaseer op graad 11 eindjaarpunte):

- Gemiddelde persentasie (vir alle vakke uitgesonderd LO) – $\geq 80\%$
- APS-telling – ≥ 31

2.3 FINALE KEURING

NB *Finale keuring word gedoen nadat die finale matriekpunte ontvang is en die resultate sal in Januarie 2018 (voor die aanvang van die akademiese jaar van die NWU – Potch kampus) per SMS bekend gemaak word.*

Dit bly die verantwoordelikheid van die voornemende student om 'n gewaarmerkte kopie van sy/haar finale matrieksimbolestaat so spoedig moontlik na die uitreiking daarvan deur die betrokke onderwysdepartement, aan Mev. H Freeke te faks by 0872315275.

2.4 TOELATINGSVEREISTES

Die toelatingsvereistes vir BGW in BH program vir 2018 is as volg:

- Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.
- 'n APS-telling van 27 word vereis. Wiskunde vlak 5 (60-69%) en Fisiese Wetenskap vlak 5 (60-69%) is 'n vereiste. Aanbeveling: Lewenswetenskappe of Fisiologie vlak 4 (50-59%).
- 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak word ook vereis.

Voorlopig gekeurde studente wat gedurende die matriekeindeksamen swakker presteer as die gestelde toelatingsvereistes, sal nie tot die kursus toegelaat word nie.

Die onderrigtaal van hierdie program is Afrikaans, maar alle modules word simultaan in Engels vertolk.

2.5 SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

Die **sluitingsdatum vir aansoeke** om toelating vir 2018 is **30 Junie 2017**. Laat aansoeke sal slegs op meriete oorweeg word. Sodanige studente sal ook keuringstoetse moet aflê.

2.6 DATUMS VIR AFLÊ VAN KEURINGSTOETSE

Die keuringstoetse vind gedurende Julie – Augustus 2017 by die Potchefstroomkampus plaas asook by verskeie ander sentra regdeur die land en in Namibië (sien punt 2.7). Die datums (en tye) vir die aflê van die keuringstoetse sal aan die begin van 2017 bekend wees en voornemende kandidate kan die kantoor van die Studentevoorigtingdiens (op die NWU Potchefstroomkampus) kontak [by 018-299 4028] vir meer inligting oor datums en tye by die verskillende toetsentra.

NB Let asb. daarop dat keuring nie sonder 'n afspraak afgelê kan word nie.

2.7 SENTRA VIR AFLÊ VAN KEURINGSTOETSE

Studente van **verafgeleë plekke** sal by die volgende sentra nader aan hulle geëvalueer kan word. Vind aangeheg die inskrywingsvorm wat voltooi moet word en gefaks word aan (018) 299 4077. Datums sal dan bevestig word na gelang van die behoefte by die spesifieke sentra. **Persone wat by hierdie sentra die keuringstoetse wil aflê moet ook asseblief 'n afspraak maak by (018) 299 4028.**

- Bloemfontein
- Namibië
- Durban
- Richardsbaai
- Nelspruit
- Polokwane
- Stellenbosch
- George
- Kimberley

Studente sal teen die einde van Augustus 2017 per brief/SMS vanaf die toelatingskantoor (018 299 2635) van die voorlopige uitslag in kennis gestel word.

2.8 SAMESTELLING VAN BRIEF VAN VOORNEME

Alle voornemende studente moet 'n Brief van Voorneme (ongeveer 1200 woorde) saam met hulle aansoekdokumente aanstuur wat die volgende aspekte aanspreek:

- biografiese inligting (agtergrond en belangstellings)
- bron van selfmotivering
- definieer beroepshigiëne en bespreek elke aspek genoem in die definisie
- die rol wat beroepshigiëne in die werkplek speel
- motiveer die besluit om beroepshigiëne as loopbaan te neem.

3. NAVRAE

Navrae kan aan Mev. H Freeke by e-posadres Hester.Freeke@nwu.ac.za of telefoonnommer (018) 299 2635 of skriftelik per adres: *Die Toelatingsafdeling*,

Departement Akademiese Administrasie, NOORDWES-UNIVERSITEIT. Potch Kampus, POTCHEFSTROOM, 2520, gerig word.

Vinnige inligting oor aansoek- en keuringsproses

Aansoek proses:

- Aansoekvorm
- Brief van voorneme
- Aansoeke sluit: 30 Junie 2017

Keuringsproses:

- Akademiese gemiddeld $\geq 80\%$ of APS telling ≥ 31 = voorlopige keuring onderhewig aan volgehoue prestasie in matriek eindeksamen en beskikbare kapasiteit.
- Akademiese gemiddeld $< 80\%$ of APS telling < 31 = meld aan vir psigometriese toets.
- Stuur Junie eksamen en eindeksamen punte in sodra dit beskikbaar is.
- Voorlopige keuringsuitslae sal bekend wees teen einde Augustus 2017.
- Finale keuringsuitslae sal bekend wees teen Januarie 2018.

Inskrywingsvorm vir Keuringstoetse: 2018-Inname

Kan gefaks of per e-pos gestuur word

Faks : 018 299 4077 / E-pos: Salome.Smith@nwu.ac.za

Naam en Van	
Studentenommer	
Huistaal	
Geboortedatum	
Matriekjaar	
Telefoonnommer (H)	
Selfoonnommer	
Telefoonnommer (W)	
Faksnommer	
E-pos adres	
Huisadres	
Posadres	
Kursus (indien meer as 1 keuringsrigting geskryf word meld asseblief watter kursus eerste keuse is)	1. 2. 3.
Het u aansoek gedoen vir 'n beurs of lening? (Indien Ja meld asb.)	